

Sondag 19 April

Skrifgedeelte: Lukas 10:1-16

Fokusgedeelte: Lukas 10:12-15 (1983-vertaling)

Die evangelie kan enigiemand bekeer ...

In Lukas 9 lees ons hoe Jesus sy 12 dissipels uitstuur om die Koninkryk van God te gaan verkondig. Lukas 10 beskryf hoe Jesus 'n groter groep van 70 (of 72) dissipels uitstuur. Hy gee dan spesifieke opdragte oor hoe hulle moet werk, want hulle gaan soos skape tussen wolwe wees. Maar so sal sy Koninkryk van vrede die bose wêreld red.

Dan, in vers 12, is dit asof die gedagte aan mense wat die evangelie gaan verwerp, Jesus baie diep tref. Dit is te verstane teen die agtergrond van Johannes 3:16: *“So lief het God die wêreld dat Hy sy Seun gestuur het om te sterf vir verlorenes.”* Hy het beskryf hoedat die evangelie mense gaan red; nou beskryf hy hoedat die seën van die evangelie van die hardkoppiges weerhou sal word. Die oordeel eindig egter nie hier nie, dit sal hulle volg tot en met die oordeelsdag.

Twee stede wat hulle verhard, is Gorasin, 'n klein dorpie 'n paar kilometer van Kapernaum waar Jesus kragtig gewerk het, en Betsaida, waar meer as 5 000 mense gevoed is deur die vermeerdering van die brood. En Jesus sê hulle is slegter as die bose stede Sodom (Gen. 13), Tirus (Rigt. 19) en Sidon (Gen. 10).

Gorasin en Betsaida se straf gaan erger wees as dié van die bose Sodom. Maar Jesus wil veral die fokus plaas op die krag en effektiwiteit van die evangelie. Hy sê dat die slegste van stede hulle sou bekeer het as die evangelie so kragtig daar verkondig sou word as by hulle. Die evangelie is só kragtig dat dit bese mense “lankal” (verwys na spoed) sou bring tot sak en as (verwys na intensiteit van berou).

Maak erns met die uitdra van die evangelie. Dit is só kragtig dat dit Sodom en Tirus en Sidon kan bekeer ...

Sing: Skrifberyming 16-7:1, 3

Ds. A Venter (Attie) (Pretoria-Annlin)